


„Die O.B. is begaan oor sy pligte en nie oor regte nie.”



Die



„As die enkeling sy pligte nakom, kom sy regte vanself.”

Adv. Strydom Openbaar die Ware Rede vir Ossewabrandwag se Doodvonnis

Bang dat as O.B. Republiek Bring daar vir Party Niks Meer Oorbly nie

„Daar is die rigting van Smuts: As hy sy sin moet kry, wil hy niks anders hê as die Brits-liberalistiese demokrasie nie. DIE HERENIGDE NASIONALE PARTY HET GEVOEL DAT ONS DIE SOORT REPUBLIEK NIE WIL HÊ NIE. IN ELEKSIETYE MOET ONS NOG VANDAG VEG VIR DINGE WAT IN ANDER LANDE AS VANSELFSPREKEND BESKOU WORD.”

In hierdie heldere taal het dr. Malan die partystelsel voorverlede week op die Paarl verwerp. Hier het die hoofleier van die Party ná 'n partypolitieke stryd van bykans dertig jaar openlik erken dat die partystelsel of Britse demokratiese stelsel in die hande van die Afrikaner so magtelos was dat ons na al die jare vandag nog veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word.

Die hoofleier van die party kan dit sê, maar as daar van O.B.-kant gewys word op die hooploosheid van die partystelsel dan word ons beskuldig dat ons die Afrikanerdom se party ondermyn. Die O.B. het egter groter verpligtings teenoor die Afrikanervolk as om hom op hierdie wyse van sy rouping te laat terughou.

Dat die Nasionale Party in die verlede onteenseglik baie gedoen het in belang van die Afrikaanse saak, en dat hy in die verlede ongetwyfeld die sterkste wapen was waarmee die volk vir sy regte in die heersende omstandighede kon veg, word nie betwyfel nie. Maar die stelsel waarbinne daardie Party gefungeer het, was van so 'n aard dat ons vandag by eleksietye nog moet veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word. Indien die Nasionale Party, of hiever sy lede langs enige ander weg as die parlementêre stelsel kon opgetree het, sou ons heelwaarskynlik nie vandag nog nodig gehad het om rusie te maak oor wie vir ons die republiek gaan verower nie: die Ossewabrandwag of die Party. Dan was die republiek waarskynlik al 'n voltooide feit, en sou dit nie vir ons nodig gewees het om vandag nog te veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word nie.

WATTER HOOP?

Maar die gedagte wat by elke republikein opkom, is: maar as die partystelsel die oorsaak is dat ons nog vandag vir sulke vanselfsprekende dinge moet veg as wat dr. Malan te kenne gee, watter hoop het ons om langs daardie weg ooit so 'n groot ideaal as die vryheidsideaal verwesenlik te kry?

Dr. Malan gee self te kenne dat as die republiek nie soos 'n ryp appel ná die oorlog in ons skoot val nie, sal ons die weg van Ierland moet volg, d.w.s. stap vir stap voortgaan in die losmaking van die Britse konnaksie. Hierdie weg het Ierland egter reeds vir

KERSGESKENKE VIR KINDERS VAN GEÏNTERNEERDES

Daar is tientalle kindertjies vandag in ons land wie se vaders in die interneringskampe sit en wat in baie gevalle afhanklik is van die karige toelaag wat hulle van die Regering ontvang nadat die broodwinner sonder verhoor opgesluit is. Die feesdae wat nader sal vir hulle waarskynlik in baie gevalle net herinnerings van vroeëre geluk opwek sonder dat hulle self in die feesvreugde kan deel.

Met die oog hierop het „Die O.B.” besluit om 'n fonds te open met die oog op die aankoop van Kers- en Nuwejaarsgeskenke vir die kinders van geïnterneerdes. Ons doen 'n beroep op almal wat in staat is, om bydrae vir dié doel te stuur na die volgende adres: Kersfonds, Die O.B., Groote Kerk-gebou 916, Adlerleystraat, Kaapstad.

Laat ons die leed versag waar die Regering slaan!

700 jaar gevolg, en nog het hy nie sy eindstrewe verwesenlik nie. Of die Afrikanervolk in staat sal wees om oor 'n paar honderd jaar nog deur middel van 'n eleksie sy republiek te verkry, is 'n vraag waaraan 'n mens geen tweede gedagte wil skenk nie, veral nie na die erkenning van dr. Malan nie.

Wat die partypolitiek wel moontlik kan bereik, is om deur sy verdelende optrede te verhinder dat ons ons republiek na afloop van die oorlog sal verkry. Ook in hierdie opsig het dr. Malan leiding gegee deur die mening uit te spreek dat tensy die oorlog ons verenigd vind, niks anders as 'n ramp ons sal tref nie. En dit is juis die partypolitiek wat daardie ramp kan veroorsaak omdat dit ons volk weer 'n keer geskeur het terwille van iets waaroor net die partypolitiek hom kan bekommer: Wie die republiek sal bring.

DIE MOTIEF

Ons het naamlik belewe dat sekere party-politici 'n republikeinse volksorganisasie soos die Ossewabrandwag probeer breek het net omdat daardie organisasie moontlik die republiek kan verkry in plaas van die party. Want hoor wat sê die partyleier van Transvaal, adv. J. G. Strydom, volgens Die Transvaler van 3 November, op Langlaagte: „Die gedagte is stelselmatig verkondig dat dit die O.B. is wat die republiek en die verlossing van die Afrikanervolk sal bring. AS DIE O.B. NOU DIE REPUBLIEK GAAN BRING, WAT BLY DAN VIR DIE PARTY OOR?”

Duideliker kan die motief van hierdie broederstryd nie gestel word nie. Die Afrikanervolk kan maar geskeur word in „die uur van sy lotsbestemming” solank daardeur net verhinder kan word dat iemand anders as die „beproepte leiers” en die „beproepte party” die republiek vir die volk bring.

'n Meer ongegronde, kunsmatige en onverantwoordelike stryd is nog nooit in die geledere van die Afrikanerdom ontketen nie, en dit op 'n tydstop wanneer die aanvallers self erken dat verdeeldheid op niks minder as 'n ramp uitloop nie. Eers word die volk gedwing om te skeur, en dan word gepoog om hom met vreesaanjaging te dwing om hom terwille van eenheid te onderwerp aan die manne wat die skeuring veroorsaak het „anders stuur ons op 'n ramp af.”

DIE STELSEL

En moet ons hierdie misdaad wat teenoor die volk gepleeg is oor die vraag wie die republiek moet bring, toeskryf aan die swaakteit van die verantwoordelike persone? Nee, dit is die stelsel waarvan hulle die slagoffers is — die Britse liberalistiese demokrasie, die partystelsel, as gevolg waarvan die Afrikaner in eleksie tye vandag nog moet veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word. Hierdie stelsel wat die volk verdeel in strydende groepe, wat van jou eie bloedverwant 'n vyand maak wat met die skerpte van die swaard geslaan moet word omdat almal renegate en volksverraaiers is wat nie lid van jou party is nie, hierdie stelsel erken niks goeds buite die party en gun niemand buite die party iets nie. Trouens die partye vind hul bestaansgrond juis daarin om alles buite hulleself te misken en te verdoem. Jou eie party is alles wat goed is, en het nog nooit 'n sweempie van 'n fout begaan nie en sal ook nooit 'n fout begaan nie. Vir al wat goed is, is jou party verantwoordelik. Die leiers en lede van die teenparty is ook alles wat sleg is en geneig tot alle kwaad. Hulle is die verraaiers wat met die vyand konkel, hulle is die eersoekeers wat net na posisie strewe en bereid is om die volk vir klinkende munt te verkoop. My party se leiers daarenteen is engele wat onfeilbaar is en nog nooit gefouteer het of sal fouteer nie, manne agter wie mens „rotsvas” kan staan en wie jy blindelings kan volg.

SELSUGTIGE NEIGING

Hierdie houding is die lewensbloed van 'n party binne die Britse demokrasie. 'n Party se strewe is om aan die bewind te kom, en om aan die bewind te kom, moet hy verkiesings wen, en om 'n verkiesing te wen, moet hy die meerderheid van die stemme op hom verenig. Om die meerderheid van die kiesers te beweeg om vir hom te stem, moet 'n party homself voordoen as 'n engel en mag hy nooit 'n fout in homself erken of iets goeds in sy teenparty toegee nie. Sy teenparty moet hy skilder as 'n duiwel wat tot geen goed in staat is nie.

Hierdie neiging van die partypolitiek om alles buite homself te verkleiner en te misgun, het ons volk in die verlede reeds baie duur te staan gekom, maar tensy die volk se oë deur die huidige broedertwis betyds geopen word teen die euwels van hierdie uitlandse produk, sal ons aan die einde van hierdie oorlog die duurste prys vir ons vreemde liefde moet betaal—ons vryheid, en daarmee ook ons bestaansreg as volk.

„AS DIE O.B. NOU DIE REPUBLIEK GAAN BRING, WAT BLY DAN VIR DIE PARTY OOR?”

LIEWER GEEN REPUBLIEK

As die party die republiek nie kan bring nie, nou, dan liever geen republiek nie. Dit is die gees waarin hierdie stryd teen die Ossewabrandwag aangeknoop is. Maar as die partyleiding nou eerlik oortuig is dat die partystelsel, en daarmee ook die party, so 'n waardevolle instelling is dat ons liever ons vryheid moet verloor as om daardie party prys te gee omdat daar vir hom dan niks meer oorbly nie, was daar ten minste darem nog iets te sê vir die stryd. Maar die onverklaarbaarste is dat hierdie mense wat bevrees is dat daar vir die party niks te doen sal oorbly nie indien die O.B. dalk die vryheid aan die volk bring, dat hierdie mense self verklaar dat hulle nie in die republiek die partystelsel wil hê nie omdat hierdie stelsel daarvoor verantwoordelik is dat ons in eleksietye vandag nog veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word. En dr. Malan het maande gelede reeds gesê dat hy geen beswaar het dat hierdie stelsel weggeveeg word nie.

Maar omdat dit niemand anders as die Party gegun word om die republiek vir die Afrikanervolk te bring nie, daarom moet 'n volksorganisasie soos die O.B. vernietig word, sodat die Party daardie vryheid kan bring, hoewel die Party in die verlede nie kon verhoed het dat ons „in eleksietye vandag nog veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word” nie.

GELAAI MET PARTYSTELSEL

Dit wil amper lyk of die Britse Imperialis dieselfde met die Afrikanervolk gedoen het as die Boere met die beroemde kanon Long Tom in die Tweede Vryheidsoorlog gedoen het. Vertel word dat toe die kanon noodgedwonge in die Engelse se hande moes val, die Boere hom vol dinamiet gelaai en so agtergelaat het, met die gevolg dat 'n groot aantal Engelse deur die ontploffing gedood is.

Dit wil nou voorkom asof die Brit ons volk met die partystelsel gelaai het tydens sy heerskappy oor ons om op die oomblik as die Afrikanerdom daardie heerskappy gaan afskud, te ontplof en ons volk te vernietig. Indien die volk toelaat dat hierdie gif wat hom van Imperialistiese kant ingespuut is, tot wyer kringe deurdring as die kring van 'n paar beroepspolitici wat in daardie vreemde stelsel opgelei is, sal lord Milner se ideaal om die nek van die Afrikanerdom te breek, wat hy 'n veertig jaar gelede uitgespreek het, verwesenlik word op die oomblik wanneer ons die naaste aan ons vryheid is.

Maar om hierdie ramp te voorkom, sal ons as volk moet verhoed en met die krag van al ons vermoë daarteen protesteer dat ons geskeur word oor so 'n selfsugtige nietigheid as die vraag: „As die O.B. nou die

Intekening op „Die O.B.”

In verband met die wyse waarop inskrywings op „Die O.B.” geskied, word die volgende onder die aandag van Offisiere gebring:—

Die naam en adres van die intekenaar word by 'n kommando ingehandig en deur die kommando opgestuur na Hoofkwartier. Daardie kommando is verantwoordelik vir die betaling van inskrywingsgeld aan Hoofkwartier bereken teen die vasgestelde tarief van £20 per 100 weeklikse eksemplare per jaar.

Die invordering van hierdie aldus-berekende bedrag van al die intekenare moet deur die kommando geskied. Inskrywingsgeld is op Hoofkwartier betaalbaar in jaarlikse of halfjaarlikse paaiemente. In die geval van nie-lede van die Ossewabrandwag moet hulle 5/- per jaar betaal wanneer hulle inteken by 'n kommando.

By wyse van uitsondering sal die Hoofkwartier die naam en adres van 'n intekenaar wat nie deur 'n kommando ingehandig word nie, maar aan die Hoofkwartier gestuur word, in aanmerking neem. Aangesien dit egter ekstra administrasiekoste verg sal die intekengeld in sulke gevalle 7/6 per jaar wees.

republiek gaan bring, wat bly dan vir die party oor?”

GEEN-PARTYSTELSEL

Dit is dinge soos hierdie wat die O.B. nog meer vasberade maak in sy voorneme om hierdie vreemde Britse stelsel met alle mag te beveg in die toekomstige republiek. Ons moet weer terugkeer na die geen-partystelsel van ons vaders waar daar geen rede bestaan het vir 'n Piet Joubert om op die vooraand van die vryheidstryd die vraag te stel nie: maar as Kruger nou die vryheid van die Afrikanervolk verseker, wat bly daar dan vir my party oor? Aan so iets is toe nooit gedink nie omdat daar geen partye was wat naderwylig op mekaar was nie. Vir elke man was dit net: My God, my volk, my land Suid-Afrika. Daar was toe geen partye wat van hul lede groter trou vereis het as hul trou en plig jeens hul volk nie.

Na hierdie erkenning van adv. Strydom sal dit vir die volk duidelik wees wat die oorsaak van die broedertwis en broedermoord is, en sal die volk ook beseft dat al die beskuldigings teen die O.B. maar niks anders is nie as die klippe waarmee hy gestenig moet word ten einde te verhoed dat hy die republiek bring waarna ons almal smag, en nie die Party nie!

SKOUBURG

Hofmeyersaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

vertoon

Saterdag 29 Nov., om 3 en 8.15 n.m.

„Boy of the Street”

met

Jackey Cooper en Maureen O'Connor.

Ook 'n Afrikaanse Voorprogram

PLEKBESPREKING — UNIEWINKELS

Langstraat 301

KRUIDENIERS-
GROENTE en
VRUGTE

Handelaars

Afrikaanse Voorsieners

'N
SUIWER
AFRIKANER
BESIGHEID

Foon 3-1393

KAAPSTAD

Die Voortrekker-Skoenhospitaal


Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad

AFRIKANERS, ONDERSTEUN
AFRIKANER BESIGHEDE!

FOON 3-0164

Langstraat 303, Kaapstad



BRANDWAGTE!

KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD

DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT
GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY ALREEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:

Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roete-kaarte; Snelle Afleweringsdiens van enige soort Motortoebehore en Orige Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele. SLUIT NOU AAN!

Voortrekker Motorclub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.

EENHEID BEOOG DEUR INTERNERING

Op Bloemfontein het dr. D. F. Malan aan die begin van die maand 'n „boodskap van hoop” gebring en hierdie boodskap was: „Sover dit die verdeeldheid tussen die lede van die H.N.P. en O.B. betref, staan ons almal op dieselfde pad en ons eindstrewe is dieselfde.”

In hierdie boodskap van die hooftreier van die Party lê opgesluit die erkenning dat hy hom misgis het toe hy die stryd teen die Ossewabrandwag aangeknop het. Op die dag van sy ultimatum aan die O.B. te Stellenbosch het dr. Malan staat gemaak op die wil van die Arikanervolk om nie te skeur nie. En ons gee toe dat dit 'n baie sterk waarborg was, want die volk was al so bewus van sy eenheidsdrang dat hy bereid was om 'n eed in verband daarmee te neem. Daarom kon dr. Malan die dag op Stellenbosch sy ultimatum met die

volgende verkoelinkie voorafgaan: „As daar onenigheid ontstaan het, het dit nie by die volk ontstaan nie, want die volk het eenmaal besluit om bymekaar te kom, en hy sal bymekaar bly.”

Ook op sy toer deur die land kort daarna het dr. Malan op byna elke vergadering beklemtoon dat die volk één is en dat hy nie wil skeur nie. En in vaste vertroue — ons kan byna sê oorvertroue — in hierdie wil tot eenheid by die volk, het dr. Malan sy aanval teen die Ossewabrandwag gelos. Dr. Malan het daarop staat gemaak dat die volk se eenheidsdrang so sterk is dat hy bereid sou wees om terwille van daardie eenheid enige offer te bring wat van hom gevra word — selfs die vernietiging van sy eie volksorganisasie, die Ossewabrandwag.

Maar om die oeffervaardigheid van 'n Abraham te openbaar, vereis 'n sterker beweegrede as dié wat dr. Malan in staat was om aan die volk voor te hou, en daarom het dr. Malan se waarborg gefaal. As eerlike man kan dr. Malan dus nou nie anders as om te erken, soos hy op Bloemfontein gedoen het, dat daar tans verdeeldheid in die geleedere van die Afrikanerdom bestaan nie, al is ons eindstrewe dieselfde.

Dr. Malan verklaar dat hy geen rusie het met die Ossewabrandwag en sy lede as sodanig nie, maar net met sy leiding, en tog doen hy op die Paarl iets wat alleen ten gevolge kan hê dat tientalle lede van die beweging in die interneringskampe gestop kan word en wel op aanklag van dr. Malan self.

Indien die bewerings van dr. Malan waar is, dan bestaan die sogenaamde binnekringe van die O.B. — daardie geheimsinnige organisasies waarna hy verwys — darem seker uit 'n goeie paar dosyn gewone O.B.-lede, want dit kan tog seker nie net uit „leiding” bestaan nie. Nou verklaar dr. Malan met al die gesag wat aan sy partyleierskap verbonde is dat daar sulke organisasies bestaan met sulke gevaarlike bedoelings as wat hy dit skilder. Dit spreek vanself dat die Regering nou alle pogings sal aanwend om daardie organisasies of „binnekringe” op te spoor. Die Regering sal natuurlik nie daarin kan slaag om iets op te spoor wat nie bestaan nie, maar op gesag van dr. Malan se aanklag sal dit hom darem nie verhinder om 'n grootskaalse interneringsveldtog teen die O.B. op tou te sit nie, want indien

HOEF NIE NOU TE VREES NIE

Op Bethlehem het adv. C. R. Swart onlangs verklaar dat hy 'n geheimsinnige dokument deur die pos ontvang het, en dat hy dit beskou as 'n lokval van die Regering om hom in die interneringskamp te kry.

Dit skyn of adv. Swart 'n besondere aantrekkingskrag vir „geheimsinnige” dokumente moet hê, want dit is altoos sy lot — of genot — om dokumente in hande te kry waarvan ander mense niks weet nie. Ons neem gereedlik aan dat hierdie dokument 'n lokval was, maar adv. Swart hoef hom nie nou meer daarvoor te bekommer nie, want te oordeel na sy woorde moes dit juis gebeur het toe hy nog lid van die Ossewabrandwag was. Intussen het die posisie baie verander, aangesien hy tans in so 'n bondgenootskap met minister Harry Lawrence teen die Ossewabrandwag veg, dat die Minister van interneringsfaam, adv. Swart en sy kollegas onlangs nog voldaan op die skouer geklop het met die woorde: „En nou, in plaas van die Regering die Ossewabrandwag moet in die ban doen, het dr. Malan dit vir ons gedoen.”

Hierdie luitenant van dr. Malan kan dus maar nou gerus slaap oor die lokval wat vir hom indertyd as O.B.-lid gestel is.

die Regering ingevolge die geheime aanklag van 'n kakieridder iemand sonder verhoor interner, hoeveel te minder sal dit hom dan verhinder om tientalle mense sonder verhoor op blote agterdog te interner nadat dr. Malan met so 'n ernstige aanklag in die openbaar gekom het?

Indien die Regering se interneringsbeleid nou verskerp word, sal die volk weet wat die oorsaak daarvan is en wie daarvoor verantwoordelik is.

Ons glo egter dat dr. Malan se strewe na eenheid hom erns is — hy is doelbewus daarop uit om eenheid te verkry, al moet hy daardie eenheid met behulp van interneringskampe bewerkstellig. Sodra almal van wie hy verskil agter die doringdraad is, dan sal daar eenheid wees.

Dit is die gedwonge eenheid of eenpartystelsel waarteen dr. Malan gedurig waarsku. Die Ossewabrandwag kan egter met 'n rein gewete verklaar dat hy nog geen mede-Afrikaner in 'n interneringskamp besorg het met om dat daardie Afrikaner geweer het om tot die geleedere van die Ossewabrandwag toe te tree nie. Maar omdat die O.B. weier om die werktuig van 'n party te word, daarom word die O.B. deur die Partyleier aangekla by die Regering sodat sy lede geïnterneer kan word.

Ons hoop dat dié deel van die republikeine wat oorbly, nog so 'n groot leërskaal sal wees, dat hulle die republiek met meerderheid van stemme by die stembus sal verkry — al was hulle in die verlede tesame met daardie republikeine wat dan agter die doringdraad sit, nie genoeg om die republiek aan die volk te besorg nie!

Ons kan egter verstaan dat getalle dr. Malan nie veel skeel nie, want hy het herhaaldelik verklaar dat ons vryheid afhang van die uitslag van die oorlog oor see, en dat ons maar net 'n vriendskaplikgesinde regering na die vredesafsluiting moet stuur om te onderhandel. Maar dr. Malan vergeet dat hy self op Bloemfontein verklaar het dat „tensy die einde van die oorlog ons vind as 'n verenigde Afrikanerdom, sal ons die republiek soos ons hom wil hê, nie kry nie.” En indien dr. Malan daarin slaag om 'n „verenigde Afrikanerdom” te bereik met die republikeine wat buite die kampe oorbly, dan is dit 'n ope vraag watter deel van die republikeine gaan die oorwinnaar as die „verenigde Afrikanerdom” beskou: die deel wat binne die interneringskampe sit, of die wat daarbuite is?

Dit hang natuurlik daarvan af wie die oorwinnaar is.

Aandag ! !

Kommando's

Die Tiervlei Kommando's hou D.V.
Saterdag, 29 November 1941

'n Groot

BASAAR

en

Sport Byeenkoms

in die

Nasionale Saal

Opening om 2.30 n.m.

VERSKEIE SPORTSOORTE
Verversings, Wors en Vleisbraai,
Sang (begelei deur die O.B.-
Blaasorkes), Volkspeler.

TOESPRAAK
(vername Spreker)

Kom Seker !

KERSFEESWYN !

BESTEL DADELIK KERSFEESKISSIE No. 5, BEVATTENDE:—

- 6 GROOT BOTTELS BRANDEWYN en
- 6 GROOT BOTTELS WYN.

Gelewer by enige stasie in die Unie vir

45/-

KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.

GEBRS. BRINK BPK., - - MONTAGU.

DE KOCK SE GARAGES

Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG Tol.



Herefordstraat,
GROBLERSDAL, Tol.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak
nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

Staak die Nero-spel

Dit skyn of daar 'n nuwe vloedgolf van internerings oor die land losgebreek het. Oral word Afrikaners sonder oorsaak aangekeer om hul tyd nutteloos in die kampe te gaan deurbring. In sommige gevalle is dit Afrikaners wat 'n belangrike rol in ons staatkundige en volkslewe speel, soos in die geval van mnr. Stephen Eyssen van Heidelberg wat as hoofonderwyser kort voor die eksamen in hegtenis geneem word. Wat van die kinders na 'n jaar se arbeid word, is die minste waaroor 'n Harry Lawrence hom bekommer. Hierdie Minister van Nasionale Nood laat 'n mens dink aan die konstabel op 'n eensame buitepos wie se grootste ideaal dit is om nog eenmaal in sy lewe iemand in hegtenis te neem. As Minister van Binnelandse Sake verkeer hy waarskynlik onder die indruk dat daar in 'n tydperk van oorlog niks opbouends vir die land gedoen kan word nie. Dit is oorlog en alles moet na oorlog ruik, en as die vyand dan so ver buite die Unie se grense is dat hy nie eers meer met 'n bloedrooi eed bereik kan word nie, dan moet die aansien van oorlog geskep word deur krygsgevangenekampe. En as daar nie krygsgevangenes is om in die kampe te stop nie, of as daar nie genoeg vyandsonderdane geskraap kan word om te bewys dat Suid-Afrika sy „bit” vir King and Empire doen nie, dan moet daardie indruk gewek word deur die kampe te vul met burgers van die land.

As daar in aanmerking geneem word hoeveel Afrikaners reeds geïnterneer was om later weer op vrye voet gestel te word, kan niemand ons kwalik neem as ons onder die indruk kom dat dit alles net 'n uitwendige vertoon is nie. 'n Man kan tog immers nie die een dag so staatsgevaarlik wees dat dit nodig is om hom hals oor kop van sy werk af weg te neem en die volgende dag weer so onskuldig dat hy op vrye voet gestel kan word nie.

'n Mens kom egter onder die indruk dat hierdie hele interneringsbeleid niks anders is nie as 'n spel waarmee die gevoelens van 'n groep oorlogsugtige Imperialiste gekalmeer moet word. Hierdie mense, van wie die meerderheid se loyaliteit net so ver gaan as die sleutelposisies wat hulle beklee — die „onmisbare” werkkragte van die land — kan eenvoudig nie begryp dat daar mense in die land, waar hulle toegelukkig woon, is wat geen ander loyaliteit ken as dié tenoor Suid-Afrika nie. Omdat hulle Suid-Afrika nie as vaderland beskou nie, maar slegs diensbaar wil stel aan hul eie vaderland oorsee, en alleen bereid is om vir daardie vaderland te veg, daarom kan hulle nie verstaan dat die Afrikaner vir niks anders as sy eie land se belange bereid is om te veg nie. Maar as Afrikaners weier om vir die Empire te veg wat daardie mense aanbid, dan is dit hoogverraad en enige bedrywigheid wat teen die oorlog gevoer word, moet as sodanig beskou en behandel word.

Opgestook deur 'n bloeddorstige pers eis hierdie empaaieraanbidders gedurig van die regering dat alle „vyfdekolonniers” gekruisig moet word. En om steun te vind vir sy dwase oorlogsvoering moet die Regering ook maar volhard in sy bewering dat Suid-Afrika in gevaar verkeer, en die nodige „noodmaatreëls” beteken vir die jeugdigste Minister van Binnelandse Sake nie so iets soos beskerming van die volk teen die uitbuiting van daardie „sleutelmannen” nie, maar die verwydering van ware sleutelmannen en werkkragte uit die onmisbare posisies wat hulle beklee. Na 'n ruk kan hulle maar weer teruggestuur word. Dan is daar weer ander waarmee die bloeddors van die „patriotte” geles kan word.

Ons wil die Minister en sy Regering waarsku dat die Afrikanervolk nie geïllig is om die prooi te wees van hierdie Nero-spel nie. En as hy geen ander middel het om die oorlogs-aptit van sy patriotte gaande te hou nie, dan wil ons hom waarsku teen die dwaasheid van sy optrede. En die feit dat nasionaalgesinde Afrikaners in verantwoordelike leiersposisies terwille van partybelange dieselfde beskuldiging

Klakkelose Herhaling deur Politici van Imperialistiese Beskuldigings

Dr. Malan se Rebelle-aantygings Weerle met Woorde van 15 Januarie

In hierdie treurige broederstryd wat van die kant van die partypolitici teen die Ossewabrandwag gevoer word, maak eersgenoemdes nie alleen gebruik van die Imperialistiese vegmetodes van verdeel en heers deur 'n wig tussen die organisasie en sy leier in te dryf nie, maar dit is opvallend hoe hulle die een argument na die ander van die vyande van die Afrikanerdom oorgeneem het. Vandag sing hierdie republikeine hartlik saam in dieselfde koor met uitlanders wat die Ossewabrandwag so kort gelede nog as die begin van die jaar uitgemaak het vir Afrikaner-amalaitas.

Die oorspronklike ekskuus wat deur die politici gebruik is om die aanval op die O.B. te regverdig, was dat die O.B.-leiding die Party vyandiggesind sou wees. Daar was egter geen bewyse om hierdie bewering te staaf nie behalwe 'n paar vaaghede wat deur die Eenheidskomitee eenparig van die hand gewys is. Toe moes daar ander „besware” kom, en hierdie besware is heelhuids oorgeneem van die Imperialistiese vyande wat die O.B. by die Regering aangekla het met die doel om die beweging deur wetgewing vernietig te kry.

By sy inswering as Kommandant-generaal te Kroonstad op 15 Januarie hierdie jaar — met die gelukwensing van dr. Malan dat hy self nie 'n beter keuse vir die O.B. kon gedoen het nie — het dr. Van Rensburg hom as volg uitgespreek oor die aanvalle op die Ossewabrandwag:

„Maar wat is die besware van die vyand teen hierdie egte volksorganisasie? Laat ons 'n paar opnoem. Ons sou 'n uitheemse affêre wees; ons sou Nazi's wees; ons sou 'n staatsgevaarlike sameswering wees; ons sou bereid wees om ons enigste vaderland aan die vyand te verkoop. Ons wag nog net dat hulle sê ons is van die duiwel besete. En dan slaan die klok dertien.”

Maar so ver het dit nie gekom nie. Die

gings teen Afrikaners inbring as daardie oorlogsblasers, onthef hom hoegenaamd nog nie van sy verantwoordelikheid nie.

Waar hierdie beleid nou verskerp word teen leiers van die Ossewabrandwag in die hoogste kringe, word dit tyd dat die Ossewabrandwag ook langs hierdie weg daarop wys dat hy 'n liggaam is wat hom geroepe voel om die Afrikanervolk in sy beskerming te neem, en dat hy juis vir daardie doel in die lewe geroep is. Defensief sal hy optree, en die feit dat sekere partyleiers hul bes doen om hierdie organisasie te breek en magteloos te maak, beteken nog nie dat hy wel magteloos geword het nie. As daar op die regte en vryhede van die Afrikanervolk getrap word, sal die Afrikanervolk wel deeglik in staat wees om te onderskei tussen party- en volksbelange.

Die Ossewabrandwag het in die verlede getoon dat hy nie daarop uit is om bloedvergieting in die land te veroorsaak nie. Indien dit sy begeerte was, kon hy geen geskikter geleentheid daarvoor gevind het nie as tydens die Johannesburgse soldate-moeste. Op daardie dag het die beweging met sy verantwoordelike leiers en geoeffende dissipline getoon dat hy wel in staat is om enige situasie die hoof te bied. Deur nou die leiers van die gedissiplineerde Afrikanerdom terwille van die vermaak van 'n groep Imperialistiese tuissitters in kampe te stop, sal die Regering die enigste damwal tussen orde en onluste ondergrawe. En op sy minste sal so iets beteken dat die lojale Regering van Suid-Afrika deur die voorwerp van sy loyaliteit as 'n las en struikelblok in die oorlogspoging beskou sal word.

Wat so iets vir die eenheid van die Afrikaners, wat ondanks oppervlakkige verdeeldheid nog dieselfde einddoel en strewe beoog, sal beteken, sal veldmaarskalk Smuts seker beter in staat wees om te besef as sy Benjamin-minister van Soutwivier.

klok het wel dertien geslaan, nie oor 'n nuwe beskuldiging nie, maar oor 'n nuwe beskuldiging — die Herenigde Nasionale Partyleiding!

„DUITSE MODEL”

Die beskuldiging dat die Ossewabrandwag 'n uitheemse affêre is, word op Stellenbosch deur dr. Malan onderskryf waar hy verklaar dat „die Ossewabrandwag die model van die Duitse organisasie volg.” Hierdie verwyf word die O.B. teen die hoof geslinger ondanks die feit dat hy op niks anders as die Boere-kommando-stelsel rus nie, en ondanks die feit dat dr. Malan tot op daardie tyd niks teen die beweging se organisasiestelsel gesê het nie, maar intendeel daardie stelsel oorgeneem het vir sy party!

Wat die Imperialistiese beskuldiging betref dat „ons Nazi's is,” het dr. Malan op daardie selfde dag die vreemde beskuldiging in sy mond geneem. Hy sê: „Dr. Van Rensburg het reeds uit sy eerste toesprake dit duidelik te kenne gegee dat hy in sy hart nasionaal-sosialisties is.” Dr. Malan het egter nagelaat om by te voeg dat dr. Van Rensburg in sy eerste toespraak hom teen hierdie selfde aantygings moes verdedig het.

Die Britse pers het dr. Van Rensburg beskuldig dat hy ons land aan die vyand wil verkoop. Dr. Malan kom met dieselfde insinuasie waar hy dr. Van Rensburg beskuldig dat „hy bou 'n ketting maar daardie ketting het minstens een skakel wat aan veldmaarskalk Smuts skakel.”

Tydens dr. Van Rensburg se inswering, met die seën van dr. Malan daarby, was daar van kakieridder-kant allerhande fluisterstories versprei om verwarring in Afrikanergeleedere te veroorsaak. Dr. Van Rensburg verwys self daarna in sy Kroonstadse toespraak: „So by voorbeeld sou ek in die Ossewabrandwag gekom het as verteenwoordiger van hierdie groep van daardie party of daardie groep van hierdie party, of as agent van hierdie leier of daardie onderleier.” Ook by hierdie gerugte sluit dr. Malan hom aan waar hy sê: „Dr. Van Rensburg openbaar 'n spesiale liefde vir adv. Pirow. Miskien toon hy ook so 'n voorliefde vir mnr. Weichardt.”

REBELLIESTORIE

So is die een beskuldiging na die ander deur die Partyleiding herhaal, en eindelijk het die Partyleiding hom ook aangesluit by daardie roekelose aantyging dat die Ossewabrandwag na 'n rebelle strew.

Op Vryheid sê dr. Malan nog weer dat die O.B.-leiding nie verantwoordelikheid vir die skepping van daardie indruk kan ontken nie. Op Elliot het hy selfs so ver gegaan om aan dr. Van Rensburg te vra hoe hy wil rebelleer en wat die kans is!

Ons kan in dié verband net dr. Van Rensburg se woorde van 15 Januarie op Kroonstad herhaal toe die Kommandant-generaal hom teen die aantygings van die Imperialistiese vyande moes verdedig het. Op daardie dag het hy gesê: „Daar word rondvertel dat ons rebellies wil stig en 'n bloedbad wil veroorsaak, en dat ons deur noodregulasies verbied en ontbind moet word. Laat my dadelik sê dat ek nie in die Ossewabrandwag gekom het om rebel-

Vervolg op bls. 7 kol. 2.

REGERING GEWAARSKU TEEN INTERNERING VAN AFRIKANERS

Kommandant-Generaal Betreur Ondermyning van Volk se Trou en Dissipline

„As die Regering met 'n skrikbewind van internering wil kom, sal hy die Afrikanerdom bereid vind,” het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, Saterdag, 15 deser, op 'n groot vergadering in Pretoria gesê. Die Kommandant-generaal het ook onder geesdriftige byvalsbetuiging die aanvalle van dr. Malan op die beweging weerlê. Hy het aangekondig dat Elsabe Nel, die skooldogter van Pretoria wat indertyd na die gevangenis gestuur was omdat sy geweier het om getuie te word teen 'n mede-Afrikaner in die hof af te lê, aangestel is as ere-leidster van die O.B. se Jeugfront.

Die Kommandant-generaal het verklaar dat hy min geleentheid kry om te praat oor die positiewe strewe van die O.B. omdat hy gedurig offensiewe moet afweer wat teen die beweging op tou gesit word — offensiewe wat die O.B. nie gevra het en waaragtig nie verdien het nie. As in die O.B. gepraat word van eenheid, word bedoel die eenheid van die hele Afrikanerdom, mense binne, buite en bo die party. Elke Afrikaner word daar ingesluit en ook die soldate wat vandag veg en wat saamvoel, word ingesluit. Daar is sowat 150,000 man in die leër en minstens 100,000 van hulle is Afrikaners. Die O.B. gaan geen brugge verbrand tussen hom en daardie mense nie. Die O.B. sal daardie manne nog nodig kry en hulle sal die O.B. nodig kry.

As die Ossewabrandwag praat van die volk, bedoel hy die organiese begrip. Hy bedoel nie net getalle- of lede van die party of organisasie nie. Dit is meer as dit: Dit is 'n rigting. Elke Afrikaner moet daarin kom. Daar moet 'n tyd kom dat elke Afrikaner vir die ander kan sê „broer” en „suster” en nie net „partygenoot” nie.

ERE-LEIDSTER

Spreekster wil eerstens praat oor die jeugfront. Aangesien die vyandige regering wat vandag regeer, onderwysers belet om aan die O.B. te behoort, gaan dit nie so goed nie. Daar sal egter meer aandag aan gegee word. Uit die jeug kom die inspirasie vir die volk. 'n Jaar gelede toe alles onseker gevoel en mense bang was, was die daad van die jong Pretoriase dogter, Elsabe Nel, 'n inspirasie vir almal. Nadat sy die gevangenis trotseer het, was niemand meer bang daarvoor nie. Spreekster het besluit om daardie dogter ere-leidster van die jeugbeweging te maak. Hy dink dat sy die eer verdien en dat sy die nodige inspirasie vir die jeug sal wees. Haar daad vergelyk goed met dié van sekere helde van vandag. Dit vergelyk goed met die optrede van mense wat vandag die S.J.-organisasie verrai as stormjaers. So iets gebeur in die O.B. nie. Die lede van die O.B. het 'n eed geneem om nie 'n mede-Afrikaner aan die vyand uit te lewer nie. Dit is aan daardie eed wat Elsabe Nel getrou gebly het. As spreker moes kies tussen staatkundiges van vandag en haar, sou hy haar kies.

Wat die vroue-beweging betref, het dr. Van Rensburg voorgelees uit 'n besluit wat geneem is en waarin die plig van die vroue uiteengesit word. Hoofsaak is, haar werk sal van kulturele aard wees soos opvoeding, onderwys en dergelike dinge. Hierdie saak sal veel beteken. Daar word op die oomblik 'n nuwe Afrikanerdom gebore vir die nuwe bedeling wat kom en eerstens word daardie nuwe volk in die O. B. gebore. Daardie geboortestryd is moeisam. Daar moet gestry word in die eerste plek teen 'n on-nasionale en anti-nasionale regering en ongelukkig in die afgelope weke ook teen die politici.

Op 10 Oktober, op Helderdag, het die party begin met sy offensief. Dit was nie 'n offensief teen die vyande van pres. Kruger wie se verjaardag op daardie dag gevier is nie, maar teen mede-Afrikaners. Spreekster meen dat dit skandalig was om juis daardie dag te kies net soos dit skandalig was om die Vroue-monument in

Bloemfontein sowat 14 dae gelede te gebruik as die plek waar jy mede-Afrikaners gaan swartsmeer.

DISSIPLINE ONDERMYN

Dr. Van Rensburg het verwys na die optrede van die party wat daarop bereken is om mense se trou en dissipline te ondermyn. Jy kan nie 'n man se dissipline in een organisasie breek en dit ongeskonde laat in 'n ander nie. As dit op een plek ondermyn is, is dit vernietig.

Hierdie kwaad word deur middel van leuens en paaiboelies bedryf. Een daarvan is die verskil oor nasionaal-sosialisme. Daar is twee manne, adv. Pirow en adv. Strydom. Omdat die een kèrel eerste met sekere gedagtes gekom het waaraan die ander nie gedink het, nou moet daardie gedagtes alles verwerp word omdat posisies in gevaar kom. Adv. Pirow het sekere leerstellings neergelê. Adv. Strydom wou homself red en het 'n stryd aangeknoop. Nou wil hy daarop aandring dat die O.B. ook die nasionaal-sosialisme moet verwerp. Dit laat

AANDAG!!

Vroue-Afdeling

Op versoek sal die Hoof-vroue-offisier van Kaapland of een van die hoër offisiere deur haar aangewys, elke Saterdagoggend, ook gedurende die vakansietye, van 9 v.m. tot 12.30 n.m. in die O.B.-Vriendskapsentrum op diens wees tot verdere kennisgewing.

Dames word vriendelik versoek om gebruik te maak van die O.B.-Vriendskapsentrum: —

Kamer 914 — Groote Kerk-gebou, KAAPSTAD.

spr. dink aan die storie van die jakkals wat sy stert in 'n slagyster verloor het en toe wou hê dat al die ander jakkalse ook in die slagyster moet trap. Die Ossewabrandwag is nie geïnteresseerd in slagysters nie, en spr. wil weer hier verklaar dat die O.B. weier om die nasionaal-sosialisme te verwerp. Die O.B. stel 'n positiewe standpunt en loop nie te koop met dinge waarvan hy nie hou nie. Niemand het die O.B. gevra om nasionaal-sosialisme te aanvaar nie, en daarom is dit nie nodig om dit te verwerp nie.

Hierdie adv. Strydom is nou die hoofaanvoerder teen nasionaal-sosialisme, maar hy is die man wat beweer het dat Hitler se eie party die nasionaal-sosialistiese „demokratiese” Arbeidersparty is. So min weet hy van die saak, en dan wil hy veg daarteen.

SIRKEL-TOESPRAAK

Spr. het verwys na dr. Malan se uitlatings oor sirkels binne sirkels in die O.B. Daardie hele toespraak het vir spr. maar baie na sirkels gelyk. Dr. Malan verklaar dat niemand weet van daardie mense wat 'n persoonlike eed aan spr. moet sweer nie. Dis volkome reg, spr. weet ook nie van hulle nie, omdat

daar nie so iets bestaan nie. Daar kom nog vele stories by. Spr. sou die volk verkoop aan genl. Smuts en die Duitse konsul, en al sulke dinge. Spr. wil geen skerp aanvalle maak nie, maar hy kan nie kwalik geneem word as hy soms warm word nie. Dit is miskien die enigste ding wat 'n mens weghou van 'n koue woede.

Hier is nou 'n man wat leier van 'n party is en selfs nog aspireer na groter eer, en dit is sy optrede. As die dinge wat hy vertel, waar was, stem spr. saam dat dit sy plig was om daarteen te waarsku. Maar daardie dinge is nie waar nie, en waarom kan dr. Malan nie eers seker maak van sy feite nie? Met spr. self het hy nog nooit 'n klagte van hierdie aard bespreek nie. Hy het spr. nog nooit 'n enkele vraag daarvoor gevra nie, en nou gaan hy en blaker dit uit aan die wye wêreld. En dit noem hy leiding. Daardie „leiding” sal nog met 'n „y” geskryf word in plaas van „ei” voordat die saak verby is.

Dr. Malan verkies om van die stories van lasteraars en ontroues en meinediges gebruik te maak. Sommige van sy bewerings is selfs werklik afkomstig van die sogenaamde vryheidsender. Daar word allerhande dinge beweer en die O.B. word van alles beskuldig. Daar word beswaar gemaak omdat gepraat is van bloed. Spr. wil aan die mense wat so vreeslik daarvoor begaan is sê dat hulle bloed nie gevra sal word nie.

'n Mens kan die Regering nie kwalik neem as hulle meer belang heg aan die uitnodigings in hierdie toesprake as in die later proteste nie.

GEÏNTERNEERDES VERKLAP

Dr. Van Rensburg het uit Die Transvaler die volledige beskrywing van twee geïnterneerdes wat ontsnap het, voorgelees. Dit is die beskrywing wat die polisie uitgestuur het om daardie mense te vang. Dit is wat hierdie blad doen. Spr. kan hulle nog een besonderheid gee wat hulle by hulle beskrywing kan voeg, nl. dat albei goeie Afrikaners is. Spr. noem hierdie saak omdat daardie twee manne Vrydag toe ook werklik gevang is. Die Transvaler en die party sal nou seker weer protesteer omdat die manne weer gevang is. Sulke optrede moet nie van die O.B. verwag word nie.

Die Kommandant-generaal het verwys na die nuwe interneringsveldtog van die Regering. Dit het begin met mnr. Stulting en andere. Daardie man het onlangs ontsnap en hy is nog nie gevang nie, miskien omdat Die Transvaler nog nie 'n volledige beskrywing van hom gepubliseer het nie. Daardie internerings het egter ernstiger geword met die internering van mnr. Eloff, van Durban. Dit is iemand vir wie spr. meer respek het as vir die res van die Regering. As hulle internering 'n eer vir die Afrikaner wil maak, moet hulle daardie klas van man in die tronk stop. Spr. wil hier sê dat die Afrikanerdom lankmoedig is. Dis nie uit bangheid nie, maar vanweë die dissipline en die vertroue wat bestaan in die O.B.: Dis nie die Regering wat moeilikheid verhoed het nie. Hy kon nie eers sy eie soldate in orde hou nie. As die Regering egter nou die leiers van die O.B. interneer, maak hy die taak van die mense wat die orde handhaaf, soveel moeiliker. Daardie dissipline kan nie gehou word as dit gebeur nie. Spr. wil die Regering waarsku teen hierdie gevaar, maar as hy dan 'n skrikbewind in hierdie land wil voer, wil spr. verklaar dat hy die Afrikanerdom daartoe bereid sal vind.

Dr. Van Rensburg het verwys na die fonds wat bestaan om geïnterneerdes te help. Daardie fonds kan in baie gevalle help. Hy wil egter 'n beroep doen op mense in die omgewing van die afhanklikes van geïnterneerdes. Daardie mense moet gehelp word. Daar moet gesien word dat die mense geen gebrek ly nie. Hulle moet gehelp word, nie noodwendig met geld nie, maar met goed en met dade. Die O.B. se simpatie sal nie net wees by wyse van luidkeelse protes nie. Die O.B. glo in dade. „Ons in die Ossewabrandwag is nie kinders van die reg van protes nie, maar liever kinders van die plig van ondersteuning,” het hy gesê.

Net 4 % Bedank uit Studentekommando

LEDE GAAN IN VAKANSIE SELF WERK VIR STUDIEFONDS

Waar die Afrikaner sy kragte nodig het om teen volksvyandelike invloede te veg, vind daar geen verbroekeling plaas nie, selfs al word daar „dringende” beroepe in hierdie voege deur leiers gedoen.

Hierdie waarheid is bevestig in die geval van die O.B.-Studentekommando aan die Universiteit van Kaapstad. Van 'n totale ledetal van 'n paar honderd, het slegs so veel as vier persent bedank, en van hulle het sommige intussen weer aansoek gedoen om terugtrekking van hul bedankings.

Watter gees daar onder hierdie studente heers, blyk ook uit die studieleeningsfonds wat deur hul kommando in die lewe geroep is, en wat hulle voornemens is om deur eie kraginspanning te styf. Die fonds sal aangewend word vir studieleenings aan behoeftige Afrikaners.

„Alle lede van die Studentekommando van Kaapstad word hiermee beveel om elkeen minstens £1 gedurende die vakansie in te samel deur eie arbeid of deur bydraes,” lui 'n deel van die bevel wat van die Kommandant uitgaan.

DS. VORSTER SE TOESTAND

Genl. ds. J. D. Vorster is nog altyd ernstig siek as gevolg van 'n kwaal wat hy gehad het voor sy gevangenneming. Hy is voorverlede Maandag vir die soveelste maal geopeer, en hoewel die operasie goed afgeleef het, deel mev. Vorster ons mee dat die moontlikheid van ernstige verwikkelinge nie uitgesluit is nie.

Ons wil ons innige meegevoel bevestig met die familie en ook met genl. Vorster. Hy is tans meer as ses maande in die gevangenis en was gedurende hierdie tydperk nog altyd aan die siekbed gekluister. Mev. Vorster waardeur al die blyke van deelneming wat sy ontvang van die kant van genl. Vorster se vorige kommando's. Sy het reeds sewe-en-sestig telegramme uit die Westelike Provinsie ontvang, terwyl genl. Vorster se kamer elke dag met blomme versier word wat deur die O.B.-kommando's gestuur word.

Die Ossewabrandwag sal sy mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat en hom in sy lyding nie vergeet nie.

O.B.-LEDE IN HOSPITALE SAL BESOEK WORD

Die Ossewabrandwag-kommando's van die Skiereiland onder leiding van die dagbestuur van die Vroue-adjunkraad het besluit dat daar van Februarie af aanstaande jaar elke week 'n kommando op diens sal wees wat O.B.-lede in die hospitale moet besoek en aan familie van pasiënte vriendskap kan betoon.

Die name van lede in die hospitale kan by die Vriendskapsentrum van die Ossewabrandwag in die Groote Kerkgebou gerapporteer word, waar ook vriendskap betoon en raad aan familielede gegee sal word. Die Vriendskapsentrum sluit nie vir die Kersvakansie nie, en hoewel die plan eers in Februarie in werking tree, kan die name van persone wat in die hospitaal opgeneem word, intussen verstrek word.

Ook op hierdie wyse toon die O.B.-kommando's dat dit hul erns is om diens aan die volk te lewer.

Nasionale Koerant gee Beskrywing van Ontsnapte Geïnterneerdes

Heeltemal Verenigbaar met Partyleiding se Beleid

Die volgende berig oor die ontsnapping van twee Afrikaners uit die interneringskampe het op 13 November in Die Transvaler op bladsy een verskyn:

„Twee Geïnterneerdes, Barend Frederik Burger (32) en Andries Petrus Jacobus van der Walt (23) het Dinsdagnag uit die Ganspan-interneringskamp ontsnap.

Burger is vyf voet agt en 'n half duim lank, het bruin oë, donkerbruin hare, 'n klein moesie op die regterkant van sy voorkop en 'n skerp gesig.

Van der Walt is vyf voet agt duim lank, het grys oë en ligte hare.

Daar is nie openbaar gemaak hoe hulle ontsnap het nie.

Deur hierdie beskrywing van die twee manne te gee, het Die Transvaler die taak van die polisie oneindig vergemaklik, en 'n paar dae daarna is hulle dan ook weer in hegtenis geneem. Agt ander Afrikaners wat 'n paar weke gelede uit dieselfde kamp ontsnap het, verkeer nog op vrye voet — van hulle is gelukkig geen beskrywing deur genoemde blad gegee nie.

Die handelwyse van Die Transvaler is heeltemal verenigbaar met die Partyleiers se optrede van aanhitsing tot internering. Eers het hulle gekla dat daar nie meer lede van die O.B. geïnterneer en dat huise nie meer deurgesoek word nie. Daarna het hulle aan die Regering verduidelik dat die O.B. 'n rebellie beoog en 'n republiek deurmiddel van geweld wil stig.

As hulle die Regering aanhits om Afrikaners te interneer, spreek dit vanself dat hulle hom ook behulpzaam moet wees in die opsporing van ontsnapte geïnterneerdes.

SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

Raadpleeg Sasbank.

PAARL:

Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

V L A E

Besit U 'n O.B. Vlag?

Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:

Kommando Vlag £1-15-0

Motorvlag 2-6

Fietsvlag 1-3

Kontant met Bestelling.

„DIE O.B.,” Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

KERSFEESKAARTE!

Met Die Ossewabrandwag-wapen in Kleure

Word deur die Kaaplandse Hoofkwartier aangebied teen

4/6 Per dosyn Posvry

Kontant met Bestelling

Bestel onmiddellik — Ons Besik oor 'n Beperkte Voorraad.

„DIE O.B.” Kamer 916 — Groote Kerkgebou, KAAPSTAD



DIE
KLEREMAKER

EN

UITRUSTER

VAN

KAAPSTAD



Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen

Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Juig Oor Afrikanerverraad

Volk se Moraal reeds tot Tragiese Peil Verlaag

„Smuts het niks van ons hieroor te leer nie. Die land krioel van sy lokvinke en spioene. En wat meer is, die O.B., en ook die stormjaers, is deurtrek van Smuts-spioene. (Toejuiging).”

So het die verslag in Die Burger gelui van dr. Malan se verskoning waarom hy ’n mederepublikeinse organisasie maar kan verklik — die Regering se spioene sal dit tog buitendien uitvind! Wat ’n Ekskuus, en wat ’n toejuiging!

Hierdie toneeltjie openbaar aan ons die demoraliserende invloed wat hierdie kunsmatige stryd van die kant van politici teen ’n republikeinse volksbeweging het. Tot so ’n peil is die volk se sedelikeheidsbesef reeds ondermyn deur hierdie mense wat leer dat eedverbrekking van minder waarde is as ’n kruisie op ’n stembriefie, dat ’n volle vergadering van Afrikaners juig oor Afrikanerverraad! Juig omdat ’n Afrikaanse organisasie „deurtrek is van Smuts-spioene!”

Maar wanneer ’n verantwoordelike leier weens gebrek aan ’n gesonde saak gebruik moet maak van metodes wat by kinders bekend staan as verklikkery, en sy optrede verskoon met die naïwe ekskuus dat die Regering dit tog maar self sal kan uitvind, dan kan ’n mens ook nie ’n gehoor vir soiets kwalik neem nie wat sy lojaliteit aan ’n persoon moet bewys deur ’n mosie van „onwrikbare vertroue” in dié se leiding aan te neem. Onwrikbare vertroue verg onwrikbare toejuiging selfs al word daar gepraat van Afrikanerverraad.

Wat dr. Malan se verskoning self betref, dit kom hierop neer: Omdat my broer tog vroeër of later die dood sal smaak, maak dit tog nie saak as ek hom vandag doodslaan nie. Die regbank sien egter wel ’n verskil tussen die twee: die verskil tussen ’n sterfgeval en moord.

„WORD DAAR KANT GEKIES,
WORD DAAR VYAND GEKIES!”

Die K.G. in Bloemfontein.

Voor ’n geesdriftige gehoor van om en by die drieduisend het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, voorverlede Maandag in Bloemfontein opgetree. ’n Optog van 1070 Brandwagte het hom by die stasie ingewag en na die terrein van die vergadering vergesel. As in aanmerking geneem word dat sowat 1200 mense deel uitgemaak het van die optog wat hom by sy eerste segetog in Januarie hierdie jaar in die Vrystaatse hoofstad verwelkom het, blyk dit duidelik hoe hardnekkig die volk hom teen die verdelingsbevel van die hoofleier van die Herenigde Party verset het.

In die loop van sy toespraak het die Kommandant-generaal o.a. beklemtoon: „Laat ons eens en vir altyd sê dat die Ossewabrandwag nie belang stel in die wakis nie, maar in die wa self.”

Spr. het ook na die noodsaaklikheid van eenheid as voorwaarde vir die verkryging van ’n republiek verwys, en gesê: „Daarom gaan die O.B. nie sy lede dwing om kant te kies nie, WANT WORD DAAR KANT GEKIES, DAN WORD DAAR VYAND GEKIES.”

In verband met die politici se aanvalle teen alles en almal, het dr. Van Rensburg gesê: „Die partypolitici het die ding so gemaak dat hulle nou niks kan doen as Engeland die oorlog wen nie en niks kan maak as Duitsland die oorlog wen nie. Waaragtig, ’n organisasie soos die H.N.P. of V. verdien beter leiers as dié wat hulle vandag het.”

Klakkelose Herhaling deur Politici.
Vervolg van bls. 4.

lies en bloedvergieting te bewerkstellig nie. Ek weet heel goed dat ons die onderspit sal delf en dat sulke onbesonne dinge vinnig in bloed gesmoor sal word. Ek was lank genoeg offisier om te weet hoe hopeloos sulke optrede sou wees. En soos ek op hierdie punt dink, dink elke lid van die behorende liggaam van hierdie beweging. Daarvan gee ek u en ook die Regering die volste versekering.”

Ons hoop dat hierdie antwoord indertyd aan die Britse kwaadstokers ook voldoende antwoord op dr. Malan se beskuldiging sal wees.

KOOP

AL U BENODIGHEDE

by

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville.
Hoofweg, Durbanville.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurierende pryse.


BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighe. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

Die Laan, Stellenbosch.



Te Koop

MUILE

Jaar-Oud

Goedgeteelde jaar oud muile teen billike terme.

VADER: Gaaf de Wet Stoodery, Driefontein Bredasdorp.

MOEDERS: English Hunters.

Doen aansoek by of skrywe aan

J. N. UYS

Brakkekuil, Heidelberg, K.P.

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT
AFRIKAANSE FIRMA

SCHOEMANNELO-DRANK
VIR KWALITEIT EN TEVREDEN-
HEID DIE GOEDKOOPSTE

PER BOTTEL.	Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kisse van 12 bottels.	PER BOTTEL.	In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kisse van 12 bottels.	PER GELLING.	In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:					
Fonkelwyn ..	5/-	5/-	—	—	—
Lewenswyn ..	3/6	3/6	—	—	—
Vermouth ..	2/6	2/6	—	—	—
Hanekraai (Cocktail) ..	3/6	3/-	—	—	—
Likeurwyn ..	2/-	1/8	—	—	—
Jeropiko (Rooi) ..	1/2	1/-	5/6	5/6	5/6
(Wit) ..	1/2	1/-	5/6	5/6	5/6
Soet Muskadel ..	1/-	11d.	5/-	5/-	5/-
Port ..	1/1	11d.	5/-	5/-	5/-
Worcester Hock ..	1/-	10d.	4/6	4/6	4/6
Pontak ..	1/-	10d.	4/6	4/6	4/6
Spesiale Sjerrie ..	10d.	9d.	4/-	4/-	4/-
Sjerrie ..	9d.	8d.	3/6	3/6	3/6

BRANDEWYNE:					
Brandwag ..	5/9	5/-	26/6	—	—
Brandwyn ..	—	—	—	—	—
Ekstra Spes.) ..	5/6	4/9	25/-	—	—
F.C. ..	5/-	4/3	23/-	—	—

JENEWER ..					
6/-	5/-	—	—	—	—
LIKEURS:					
Kersie-Brandwyn ..	5/-	4/3	23/-	—	—
Anys-Brandwyn ..	5/-	4/3	23/-	—	—
Gemmer-Brandwyn ..	5/-	4/3	23/-	—	—
Lemoen-Brandwyn ..	5/-	4/3	23/-	—	—
Peperment-Likeur ..	5/-	4/3	23/-	—	—
Van der Hum ..	5/-	4/3	23/-	—	—

JENEWER-LIKEURS:					
Lemoen-Jenewer ..	6/-	5/-	—	—	—
Suurlemoen-Jenewer ..	6/-	5/-	—	—	—

Word verkoop in 12-bottel-kisses of 5-gellingvaatjies of groter. U kisse van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandwyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kisse en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

Algemene Handelaars

FOON 5-4294

J. J. DE GOEDE,

STASIEWEG 51 — OBSERVATORY

Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.

AFRIKANER KLEREMAKER!

Foon 5-1486

● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutrivierweg 52 — Soutrivier

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

HET U AL 'N VRYE KOPIE

van

„DIE VERHAAL VAN SUID-AFRIKA SE EERSTE HELPMEEKAAR”

so nie skryf aan

DIE OU MUTUAL

Posbus 66,

Kaapstad,

of enige TAKKANTOOR.

Noem „Die O.B.”

Wat Eenmaal Waar Is Bly Altoos Waar

DIE TRANSVALER OOR VALSE AANTYGINGS TEEN O.B.

Dit is wonderlik hoe 'n mens sy ewewig kan verloor wanneer hy in 'n stryd betrokke raak teen sy eie vriende. Dinge wat hy voorheen in sy vriendskap as die onskuldigste voorvalletjies beskou het, word dan deur hom aangegryp om sy voormalige vriend te benadeel. Dinge wat hy toe saam met sy vriend gedoen en goed gepraat het, gebruik hy dan om sy vriend in 'n swak lig voor te stel, en in sy vyandige ywer vergeet hy heeltemal dat 'n saak nie verander word as die vriendskapsband verbreek word nie — wat eenmaal reg was, bly reg, al bly mense nie meer vriende nie.

Hierdie selfde verskynsel merk ons vandag weer op in ons volkslewe waar die Partyleiding nou redes moet soek om sy vyandige aanvalle op die Ossewabrandwag te motiveer. Dinge

VOORSITSTER VAN V.A.R. SE BOODSKAP

Mev. J. H. Conradie, voorsitster van die V.A.R., het aan ons die volgende boodskap oorhandig vir publikasie: —

Die voorsitster en lede van die Vroue-Adjunkraad van Kaapland sien in „Die O.B.” 'n middel om die band wat lede van die Ossewabrandwag saamsnoer, nog nouer en hechter te trek en heet hom derhalwe van harte welkom.

Die Raad is diep onder die indruk van die moedige en vasberade stryd wat deur vroue-offisiere en Brandwagte gevoer word vir die behoud van die beweging wat uit die siel van die Afrikaner tevoorskyn gekom het, en waaraan hulle, as lede, 'n plegtige gelofte van trou en toewyding afgelê het.

Die Raad roep u toe: Hou moed, strydmakkers, die saak is dit werd. 'n Beweging wat soveel beteken in die lewe van ons volk mag nie vernietig word nie.

Wees kalm, maar wees beslis.

'n Eed soos deur ons afgelê is nie iets om los en vas mee te speel nie, dit raak onse sedelike lewe; en ons vra u: Brandwagte, staan trou op u pos, en moet u nie laat losruk van die ankers in u lewe nie.

J. E. C.

waaroor die partypers die vyande van die O.B. indertyd skerp verwyf het, lê dieselfde pers die O.B. vandag ten laste. 'n Duidelike voorbeeld blyk uit onderstaande aanhaling uit 'n hoofartikel van Die Transvaler van 13 November 1940 — dus net presies 'n jaar gelede.

Die hoofartikel wat net so van toepassing op die Herenigde Party vandag is, lui as volg:

„Min. H. G. Lawrence is alweer behep met die gedagte dat hy sy eie belangrikheid beste kan toon deur aanvalle op die Ossewabrandwag. Nieteenstaande die ernstige waarskuwing op Cradock deur so 'n verantwoordelike leier as dr. Malan geuit, kom hierdie aspirant-Führer van die Smuts-kabinet met die mees onverantwoordelike bedreigings.

Een van sy redes vir 'n voorstel van in die ban doen is dat die Ossewabrandwag 'n „politieke organisasie is wat sonder twyfel vyandig staan teenoor die huidige Regering.” Nou, dis mooi. Afsien van die feit dat die Minister geen bewyse het nie van iets wat die Ossewabrandwag steeds ontken, lyk dit op grond hiervan of die Regering 'n vyfde kolonne-man in sy midde het, 'n regte nasionaal-sosialis. Sy sinspeling is mos dat 'n politieke organisasie wat teen die Regering is, geen reg van

bestaan het nie! Vandag moet die Ossewabrandwag gaan, en môre is dit seker die gewone partye, sodat die imperialistiese party alleenheerser kan wees. Sal Duitsland trots wees op hierdie bekeerling?

Ons dappere Napoleon is ongelukkig 'n bietjie spaarsaam met sy feite. Hy probeer die onlangse bom- en dinamiet-aanklagte teen beeerde lede van die Ossewabrandwag te gebruik asof dit aanklagte teen die organisasie self is terwyl die hof en die staatsaanklaer self verklaar het dat dit nie die geval is nie. 'n Mens kan net so goed die Verenigde Party veroordeel as een van sy aanhangers moord of diefstal pleeg.

Hy praat verder van die liggaam se ondermynende aktiwiteite, maar sonder die geringste bewys. Lank reeds is Ossewabrandwag-kantore oral rond deurgesoek, en die staat kon nogtans geen aanklag teen die organisasie maak nie, nóg onder die gewone wet nóg onder die bestaande noodregulasies. Hy moes dit immers gedoen het as hy enigiets gevind het wat so 'n bewering regverdig. Mr. Lawrence herhaal m.a.w. net skinderpraatjies, soos met sy bewering dat die liggaam genl. Hertzog omvergewerp het. Dit begin ook lyk of sulke besoeke net die middel geword het om stof te verkry vir partypolitieke toesprake, al is dit meer te veroordeel as misbruik van staatsgesag.

Tussen hakies, niemand sou sê dat hierdie bedreiging kon voorkom in dieselfde toespraak waarin geroem word: „Ons sal voortgaan om te lewe onder demokratiese regering, onder 'n stelsel waarin die individu die reg van vrye uitdrukking van mening het, van vryheid van spraak, gedagte en godsdienst.”

DAGBREEK KARTELS

word gedra deur

DEFTIGE
DAMES

Skakel 2-5662

En Maak U Bestelling

DAGBREEK
Dames Hareversorging-
Salon

Langmarkstraat 141 KAAPSTAD

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en
Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste
pryse

Bestellings word opgeneem en onmid-
dellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54

BEAUFORT-WES

Ons gaan trou. Ons, Jannie en Martjie. Ek gee aan elke bruidsmisie 'n silwer BORSPELD met die VOORTREKKER-WA (van Pieter Retief) daarop. Dit is nou 'n nuttige en blywende aandenking. Ek het dit van TAFELBERG INDUSTRIË, Kohlingsstraat 16, KAAPSTAD ontbied. Ou vriend jy kan gerus ook aan hul skrywe. Hul maak ook allerhande rubberstempels, vra maar net.

MARKAGENTSKA P

Vroeë Môre Mark

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik,
weekliks, maandeliks of soos
verlang.

Beste Heersende Pryse.

MINNAAR & VAN SCHOOR.

Eienaar: Gustav Retief.

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

Ons Ontmoet alle Treine.

Kloofstraat, Kaapstad.

GRAFSTONE, MONUMENTE ens. van
die

S.A. MONUMENTE WERKE

Is 'n permanente en mooi uiting van
liefde en toewyding.

Skryf Posbus 2 of bel 5-2823,
VOORTREKKER-WEG, MAITLAND.

AFRIKANER LOSIESHUIS bied losies
aan vir goeie Afrikaners. Persoonlike
sorg en eerste klas bediening. Naby Volks-
hospitaal en midde-stad. Hofmeyrstraat
8, Tuine, Kaapstad.

O.B.-SKRYFBLOKKE

Blou met bypassende Koevert
2/6 posvry.

Bestel by:

DIE BURGERBOEKHANDEL,
Posbus 692, KAAPSTAD.

Geklasifiseerde Advertensies

BETREKKING GEVRA.

GEKWALIFISEERDE BLOKMAN
soek werk by Afrikanerslaghuis. Het
ag jaar algemene ondervinding. Skryf
D. J. Janse van Rensburg, Victoriastr.,
Oudtshoorn.

AFRIKANERS LUISTER HIER:—

Wil u ook op die skouers van die wêreld ge-
dra en beny word deur die mense rondom u?
Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê:
Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boek-
hou deur medium van Afrikaans of Engels slegs
vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde
Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet
Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend;
ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uit-
gebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse
word absoluut gratis uitgereik aan ons Boek-
houstudente. Besonderhede gratis van:

UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,
Posbus 32, ALEXANDRIA.

Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerk-
gebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro
Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.